

Memorandum: Voorbeeld van 'n eksamen

Vraestel 1: Luister en praat (Mondeling)

Hardoplees, luister en praat.

30 punte

Verwerk na 30%

Vraestel 2: Begripstoets, taal en letterkunde

Leesbegripstoets: 15 punte

Taal in konteks: 15 punte

Kritiese reaksie op literêre tekste: 10 punte

Vraestel 3: Skryf

Opstel: 20 punte

Transaksionele tekste: 10 punte

Afrikaans Huistaal Graad 8

Vraestel 2

Tyd: 1 uur

Totaal: 40 punte

Afdeling A: Leesbegrip (15 punte)

Vraag 1

Leerders gebruik die teks 'n *Kunsbeen vir Fred* (geneem uit *Huisgenoot*, 22 Januarie 1997) en beantwoord die vrae.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1.1 *Fred die krimpvarkie het altyd sy beste voetjie voorgesit* (paragraaf 1). Watter dubbele betekenis lê opgesluit in hierdie woorde? (2)

- **Fisies sy voetjie vorentoe sit soos wat hy loop.**
- **Hy openbaar sy beste gedrag. (2)**

1.2 Watter enkele woord uit paragraaf 2 dui daarop dat hulle lank probeer het om die krimpvarkie se been te red? (1)

Uiteindelik. (1)

1.3 Waardeur word die arbeidsterapeut se meegevoel met die krimpvarkie uitgebeeld? (1)

Die gebruik van verkleinwoorde soos kunsbeentjie, diertjie, ens. beeld die terapeut se meegevoel uit. (1)

1.4 Hoe sou jy hierdie teks beskryf? Kies een van die volgende en skryf slegs die nommer neer:

1.4.1 Informatief

1.4.2 Verhalend

1.4.3 Wetenskaplik (1)

1.4.1 Informatief. (1)

1.5 Verduidelik hoe die titel van die leesstuk by die inhoud aansluit. (1)

Die titel wat sê dat Fred 'n kunsbeen gaan kry, word ontsluit in die leesstuk, want die leesstuk verduidelik wie Fred is en waarom hy 'n kunsbeen moes kry. (1)

1.6 Watter beroep beoefen Carolyn Meikle? Watter leestegniek het jy gebruik om die antwoord te vind? (2)

Arbeidsterapeut. Soeklees. (2)

1.7 Bestudeer die bostaande spotprent.

1.7.1 Wie is die *hy* waarvan die ouers praat? (1)

Die "hy" is hulle kind wat op die bank sit. (1)

1.7.2 Wat word deur die spotprent te kenne gegee? (2)

Die spotprent suggereer dat ouers meer belangstel in hulle kinders se skooluitslae as die kinders self. Leerders is traak-my-nie-agtig oor hulle skoolrapporte. (2)

1.7.3 Hoe sluit die visuele uitbeelding van die seun aan by sy woorde in die praatborrel? (2)

Die seun se liggaamshouding dui daarop dat hy verveeld is en niks wil doen nie. Sy woorde dui ook daarop dat hy nie omgee nie. (2)

1.8 Die seuntjie spog by sy maat oor sy pa. Watter dubbele betekenis kan aan sy woorde gekoppel word? (2)

Sy pa staan bo-op die televisie om die plafon te kan verf. Sy pa verskyn in 'n televisieprogram. (2)

Totaal Afdeling A: 15 punte

Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 2

Die leerders gebruik *Paddas wat vlieg en blom wat lieg* (geneem uit *Beeld*, 12 Augustus 2009) en beantwoord die vrae.

Vrae en voorgestelde antwoorde

2.1 Die woord *vlieënde* (paragraaf 1) word met 'n deelteken geskryf. Plaas deelttekens op die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne.

Skryf slegs die woord neer en verbeter ten opsigte van deeltkeengebruik indien nodig. (2)

2.1.1 Dit is nie **finansieel** die moeite werd om die vlieënde padda te bewaar nie.

2.1.2 Die muntjak-bok kom in **afgelee** gebiede voor.

Finansieel kry nie 'n deelteken nie.

Afgeleë. (2)

2.2 Die woord *kleinste* (paragraaf 1) is die oortreffende trap van die woord klein. Skryf nou die vergrotende trap van die woord *droog* neer. (1)

Droër. (1)

2.3 Skryf 'n voorbeeld van 'n rangtelwoord uit paragraaf 1 neer en sê of dit 'n bepaalde of onbepaalde telwoord is. (2)

Eerste. Bepaalde rangtelwoord. (2)

2.4 Die woorde *eeu* en *dekade* kom in paragraaf 1 voor. Hoe 'n lang tydperk is:

2.4.1 'n eeu

2.4.2 'n dekade? (1)

'n Eeu is 100 jaar en 'n dekade is 10 jaar. (1)

2.5 Gee die rede vir die gebruik van die koppelteken in die volgende woorde:

2.5.1 dier- en plantspesies (paragraaf 1).

2.5.2 Himalaja-bergreeks (paragraaf 1). (1)

In die woord *dier- en plantspesies* word die koppelteken as 'n weglatingsteken gebruik. (½)

In die woord *Himalaja-bergreeks* word 'n eienaam met 'n koppelteken aan 'n soortnaam gekoppel. (½)

2.6 *WWF* is die erkende afkorting vir *Wêreldnatuurfonds* (paragraaf 2). Skryf erkende afkortings neer vir die volgende woorde: (2)

2.6.1 Donderdag – **Do.**

2.6.2 Televisie – **TV (2)**

2.7 Wat noem ons die bewoners van die land China? (1)

Chinese. (1)

2.8 In paragraaf 2 word die woord *dié* beklemtoon deur 'n akuutaksentteken daarop te plaas. Plaas aksenttekens op die vetgedrukte woord in onderstaande sin:

Die vlieënde groen padda is besonder **mooi**. (1)

Móói (1)

2.9 Skryf die meervoud neer van die volgende twee woorde: padda, brug. (2)

Paddas en brûe (2)

2.10 Die woord *wêreldwyd* (paragraaf 4) is 'n intensiewe vorm. Skryf die intensiewe vorm van die woord *nuwe* (paragraaf 6), neer. (1)

Splinternuwe. (1)

2.11 *Hulle het die kleinste bokkie ter wêreld, die Muntjak-bok, in die woude van Tibet ontdek.* Skryf hierdie sin oor in die lydende vorm. (1)

Die kleinste bokkie ter wêreld, die Muntjak-bok, is in die woude van Tibet ontdek. (1)

Totaal Afdeling B: 15 punte

Afdeling C: Kritiese reaksie op literêre tekste

Vraag 3

Leerdere lees die drama en beantwoord die vrae daarvoor gestel.

Vrae en voorgestelde antwoorde

3.1 Hoe word die gehoor reg aan die begin van die drama ingelig waarom die ou vrou dink? (1)

Die ou vrou praat met haarself en daardeur weet die gehoor waaraan sy dink. (1)

3.2 Skryf die twee ruimtes wat in hierdie drama uitgebeeld word neer. (2)

'n Kinderkamer in 'n paleis.

Die troonkamer waar die godin op die troon sit. (2)

3.3 Verduidelik waarom dit verkieslik is dat daar nie te veel ruimteveranderinge in 'n verhoogdrama moet plaasvind nie. (1)

Dit skep tegniese probleme as die tonele te vele moet verander, want die gehoor sal te lank moet sit en wag totdat die verhoog verander is. (1)

3.4 Reg aan die begin van die drama is daar reeds spanning teenwoordig. Skryf dit neer en verduidelik. (2)

Die gehoor weet nie of die ou vrou die baba wil vermoor deur hom op die vuur te plaas nie. (2)

3.5 Skryf twee tegnieke neer wat die dramaturg gebruik het om spanning in die drama te bewerkstellig. Skryf telkens 'n voorbeeld uit die drama neer. (2)

Enige voorbeeld uit teks.

- **Byklanke: “'n Gerammel weerklink ...”**
- **Beligting: “'n Gloed verskyn en word helderder ...” (2)**

3.6 Lees die neweteks by spreekbeurt 3. Waarom was die koningin histories en het sy hardop gegil? (1)

Sy het gesien hoe die ou vrou haar baba in die vuur sit. (1)

3.7 Bestudeer spreekbeurt 3. Waarom beskuldig die koning die ou vrou van ondankbaarheid? (1)

Die koning het hom oor haar ontferm toe hy gedink het sy is 'n rondlopervrou en vir haar werk gegee en nou wil sy sy kind verbrand. (1)

3.8 Bestudeer spreekbeurt 4. Waarom was die ou vrou nie ontsteld omdat die koning haar in die kerker wou gooi nie? (1)

Sy het geweet daar sal nie brandmerke op die baba wees nie. (1)

3.9 Die ou vrou het haarself vermom as 'n rondlopervrou. Wie is sy in werklikheid en waarom het sy haar vermom? (2)

Sy is Demeter, die godin van landbou en vrugbaarheid. Sy het na haar dogter gesoek en wou nie hê mense moet haar herken nie, sodat sy ongestoord oral kon soek. (2)

3.10 Wie het vir Demeter vertel waar haar dogter moontlik kan wees? (1)

Apollo, die god van die son. (1)

3.11 Waarom was dit so belangrik dat sy haar dogter moes vind? (1)

As hulle nie vir Persephone vind nie sal alle plante vir altyd verdroog. (1)

3.12 Verduidelik in jou eie woorde hoe dit gebeur het dat Persephone verdwyn het. (1)

Persephone het in die veld geloop en blomme pluk soos altyd. Maar toe sy 'n sekere blom wou pluk, het sy die hele plant uitgetrek. Onmiddellik het 'n groot gat in die aarde ontstaan waaruit 'n koets te voorskyn gekom het. Persephone is diep in die aarde in ontvoer. (1)

3.13 Verduidelik waarom die terugkeer van Persephone met groot blydskap, maar tog ook met hartseer gepaard gaan. (2)

In Hades het Persephone honger geword en ses granaatpitte geëet en nou sal sy vir ses maande elke jaar in Hades moet gaan deurbring. (2)

3.14 Watter natuurverskynsel word deur hierdie mite verklaar? (1)

Die verandering van seisoene – somer en winter. (1)

3.15 Skryf 'n gepaste titel vir die drama neer. (1)

**Leerdere skryf 'n gepaste titel. Dit moet aansluit by die inhoud van die drama,
byvoorbeeld: Waar die seisoene vandaan kom, ens. (1)**

**Totaal Afdeling C: 20 punte
gedeel deur twee = 10 punte**